

Woensdag 23 November

Skrifgedeelte: Matteus 1:18-24

Fokusgedeelte: Matteus 1:20-23

God se boodskapper verduidelik die koms van God se Seun na hierdie wêreld

Een van die besondere take van die engele is om as God se boodskappers op te tree. Hierdie verskynsel is veral in die Ou Testament baie bekend. God het by uitstek sy engele as boodskappers gebruik om sy wil en sy pad te verduidelik in die tyd voor die koms van Christus. Daar is dus baie meer voorbeelde van hierdie uitsonderlike openbarings van God aan individue en groepe.

Ná die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster verander hierdie uitsonderlike openbarings van God geleidelik, aangesien Hy met die vestiging van sy Nuwe-Testamentiese kerk spreek deur sy heilige Woord en deur die prediking van sy Woord.

Die verskyning van die engel aan Josef voor die geboorte van Jesus is 'n mooi voorbeeld van die Ou-Testamentiese styl van God se openbaring. Die engel begin byvoorbeeld met Josef te praat op dieselfde wyse wat Moses in Deuternomium 31:1-8 praat. Die engel sê Josef moet dapper wees, verder verduidelik die engel ook hoedat Jesaja 7:14 nou vervul gaan word. Die Kind sal Emmanuel genoem word.

Hierdie droom van Josef is dus baie meer 'n verskyning as net 'n droom soos ons vandag daaraan sal dink. Die engel bied ook vir Josef rigting en nuwe opsies wat gegrond is op God se wysheid. Ons moet net soos Josef na die engel geluister het, vandag na God se Woord luister. Dit bied ook vir ons nuwe opsies in moeilike besluite.

Josef het nie oorreageer nie. Hy het gehoorsaam die rigting wat God hom gewys het, gevolg. Oorreaksie is dikwels die gevolg van ongehoorsaamheid, waar God se wysheid nie oorweeg word nie. Daarom het Josef rustig God se boodskapper se opdragte gevolg.

Sing: Psalm 103-1:11

Ds. CB Swanepoel (Christo) (Lyttelton)